# Word besluitneming só ondermyn?




**TERTIUS MAREE**
tertius@section.co.za


**DEELTITEL-FORUM**

Ons deeltitelwetgewing is gebaseer op sekere beginsels waarvan demokratiese besluitneming een is.

Dít beteken dat die redelike wense van die meerderheid geld.

Hierdie beginsel word getemper deur die feit dat die belange van minderhede ook geakkommodeer moet word. Dít is waarom nie alle besluite wat geneem word bloot meerderheidsbesluite is nie – in spesifieke gevalle word voorsiening gemaak vir stemvereistes van 'n 75%-meerderheid en selfs ook eenparige besluite.

**Daar is ook ander** wyses waarop deeltitelwetgewing probeer verseker dat minderheidsbelange in ag geneem word.

Die balans tussen meerderheids- en minderheidsbelange word in sowel die wetgewing as die reëls aangetref.

Onder die maatreëls om minderhede te beskerm, val ook die bepalings wat individue soos oortreders en skuldenaars teen oormatige optrede beskerm.

Die beskerming van minderheidsbelange het 'n nuwe mylpaal in ons derde geslag wetgewing bereik, en die vraag kan gevra word of dit nie in sekere opsigte die gesonde balans tussen die belange versteur het nie.

**Terwyl die beginsels ter** sprake hoofsaaklik deur die Bestuurswet en die voorgeskrewe reëls gereguleer word, is daar ook nou 'n nuwe rolspeler: die ombuddiens.

Die ombud het inspraak in die inhoud van reëls én die toepassing daarvan, by wyse van twee meganismes naamlik:

1. Alle afwykings van die voorgeskrewe reëls moet deur die ombuddiens goedgekeur word.
2. Dispute rakende die toepassing van reëls word deur die ombuddiens beredder.

Kom ons bespreek een van die maatstawwe wat die ombud vir die geldigheid van reëls daarstel: die lede van 'n skema se regspersoon mag nie 'n reël maak wat die slag van diere verbied nie.

Dié sensuur berus op die feit dat die slag van diere in sekere gemeenskappe tradisioneel aanvaarbaar is. Só kan dit wees, maar beteken dit dat die meerderheid van die lede van 'n deeltitel-regspersoon hulle eenvoudig daarby moet berus? Wanneer ek by 'n deeltitelskema intrek, moet ek aanvaar dat my doen en late aan reëls onderworpe sal wees.

> **“ Die beskerming van minderheidsbelange het 'n nuwe mylpaal in ons derde geslag wetgewing bereik, en die vraag kan gevra word of dit nie die gesonde balans tussen die belange versteur het nie.**

Só is daar verskeie vryhede wat ek sal moet prysgee. As die reëls nie vir my aanvaarbaar is nie, moet ek ander blyplek soek.

Waarom moet die slag van diere byvoorbeeld anders hanteer word? Dít is maar net een van die wyses waarop besluitneming deur die meerderheid ondermyn word – nie net deur die ombud nie, maar ook in die voorgeskrewe reëls.

Kom ons kyk na nóg 'n voorbeeld van vereistes wat die ombud stel – in dié geval handel dit oor boetebepalings:

Die jongste vereiste deur die ombud is dat 'n 75%-meerderheidstem nodig is vir enige boete wat deur die trustees opgelê word. In die Bestuurswet en voorgeskrewe reëls word alle trusteebesluite met 'n gewone meerderheidstem geneem – nêrens is daar enige sprake van 'n 75%-meerderheid nie.

**Kom ons kyk na** wat 'n 75%-meerderheid-trusteestem beteken: Indien daar net twee trustees is, word 'n 100%-meerderheid vereis.

As daar net drie trustees is, beteken dit ook dat 'n 100%-stem nodig is. In die geval van vier trustees waar die stemme gelyk breek, het die voorsitter die beslissende stem. Kom dít dan op 'n 75%-meerderheid neer?

Indien daar vyf trustees is, word vier uit die vyf vereis om 'n 75%-meerderheid te behaal – maar dit beteken dat 'n 80%-meerderheid eintlik vereis word.

Só kan ek tot by tien aangaan. Waarom word die oortreder só buitensporig beskerm, terwyl hy of sy in elk geval die reg het om by die ombuddiens aansoek te doen om die boete ter syde te stel?

En dan die oormatige grasie wat in artikel 6(8) verleen word, waarvolgens geen eenparige besluit geld wat 'n onbillike nadelige uitwerking (unfairly adverse effect) op enige lid kan hê nie. Dít tensy die lid binne sewe dae skriftelik daartoe instem.

Die trustees moet dus kan beoordeel of enigiemand onbehoorlik benadeel kan word, en dan moet hulle wag. As die betrokke lid ná sewe dae nie toestemming gee nie, bly dit steeds onseker of die besluit geld of nie.

Neem in ag dat die sogenaamde benadeelde kennis van die vergadering en die voorgenome besluit ontvang het. As die persoon nie die vergadering kan bywoon nie, kan hy/sy per volmag 'n verteenwoordiger aanstel.

**Nee wat, die wetgewer** moet die persoon selfs nog meer beskerming bied – én dít op 'n wyse wat ál die ander lede benadeel weens die onsekerheid wat nou bestaan rakende die geldigheid van die besluit.

Só is daar verskeie gevalle, veral in die Bestuursreëls, waar oormatige beskerming aan skuldenaars en oortreders gebied word – tot nadeel van die groter gemeenskap. Die trustees sit dan opgeskeep met dié probleme.

**■ Maree se opleidingskursus vir trustees en bestuursagente is op 1 Oktober. Spesiale aanbiedinge geld skemas wat vier of meer kandidate inskryf. Stuur e-pos na louise@section.co.za.**